



Indien produsente meer waarde aan kalwers of lammers van 'n bepaalde geslag heg, kan geslagsbepaalde (*sexed*) bul-, skaap- of boksemen oorweeg word. FOTO: MARIEKE SNYMAN



Hoewel die invoer van beesvleis na Suid-Afrika vanjaar gegroei het, het die invoer van lewende speenkalwers, Australiese skaapvleis en lewende skape vanjaar gedaal. FOTO: MICHAEL BRADFIELD

## ◀ GENOMIKA

Kenner is dit eens dat genomika die veebedryf kan transformeer. Genomika sal 'n bepalende rol speel in die uiteindelijke winsgewendheid van die bedryf. Dit is byvoorbeeld reeds moontlik om diere met belangrike ekonomiese, genetiese eienskappe, soos uitstekende voeromsetting, te kan identifiseer.

Om met sulke diere te boer, hou groot voordele vir almal in die rooivleiswaaardeketting in.

Tegnologie is belangrik vir individuele rooivleisprodusente en lande om internasionaal mededingend te bly, volgens buitelandse en plaaslike kenner wat einde 2020 deelgeneem het aan die LRF-Veeskool, wat weens die Covid-19-pandemie virtueel aangebied is.

Die jaarlikse LRF-Veeskool, wat deur die Lewendehawe-registrerende Federasie (LRF), Breedplan en *Landbouweekblad* aangebied word, bied veeboere puik inligting oor die rooivleisbedryf. Vanjaar se Veeskool word hopelik van 13 tot 15 Oktober by Aldam aangebied. Indien Covid-19-beperrkings dit noodsaak, sal die verrigtinge weer aanlyn aangebied word.

Belangstellendes kan uitsien na besprekings oor tegnologiese hulpmiddels en genomika.

Genomika sal die wetenskap help om nóg vinniger met hierdie eienskappe te vorder. Dit geld veral eienskappe wat moeilik is om te meet, soos voerdoeltreffendheid, vleisgehalte en melk.

## VERSNELDE VEETEELT

Een van die tegnologiese vorderings vanjaar is die sortering van semen vir die geslagsbepaling van plaaslike vee.

Dit is die eerste tegnologie van dié aard in Afrika waarby Ramsem en Absolute Genetics in Bloemfontein betrokke is. Hulle het twee jaar gelede ook baanbrekerswerk in bees-teelt gedoen deur die praktiese toepassing van genomika en eksperimentele prosedures waarvolgens die nageslag van jong verskalvies verwek kan word voordat hulle self puberteit bereik (Jivet).

Dr. Fanie Steyn, besturende direkteur van Ramsem, sê sy onderneming se hoofdoelwit is om genetiese vordering in veeteelt te versnel, veral nuwe reprodusietegnike.

“Die voorste stoettelers in

enige ras is gewoonlik diegene wat hul beste teelmateriaal, na gelang van prestasietoetsing en genomika, ingevolge die jongste reprodusietegnike vermeerder. Hulle is ook die telers wat die beste pryse in hul ras behaal. Geslagsbepaalde saad versnel dié genetiese spronge nog verder.”

Met die gebruik van tradisionele semen vir kunsmatige inseminasie het produsente 'n kans van 50% dat die aanwas wat gebore gaan word manlik of vroulik sal wees. Indien produsente meer waarde aan kalwers of lammers van 'n bepaalde geslag heg, kan geslagsbepaalde (*sexed*) bul-, skaap- of boksemen oorweeg word.

By geslagsbepaalde saad bevat elke strooitjie 95-97% bulsaad van 'n gekose geslag. Sperma wat die vroulike X-chromosoom bevat, is sowat 3,8% swaarder as die manlike Y-sperma omdat dit meer deoksiribonukleïensuur (DNS) bevat. Die verskil in gewig is die beginsel waarvolgens die saad geskei word.

Volgens Steyn is die grootste voordeel van die geslagsbepaalde saad dat produsente beter beheer verkry oor hoeveel

bul- of verskalwers (ram- of ooilammers) gebore word. Meer as 95% van die vroulike diere wat met dié saad dragtig raak, behoort 'n kalf of lam van die voorkeurgeslag op te lewer.

## VLEISINVOER

Die invoer van beesvleis was 641 ton in Januarie, 'n toename van 25% teenoor Januarie 2020, volgens Agri Inspec.

Die vry-aan-boord-prys vir Januarie 2021 was R44,56/kg en die meeste was uit Namibië (63 ton).

Die invoer van lewende speenkalwers vir Januarie 2021 het 16 524 eenhede beloop, 'n daling van 12% vergeleke met Januarie 2020. Die prys was R7 592 stuk, wat 13% hoër was as in Januarie 2020.

Die invoer van Australiese skaapvleis vir Januarie 2021 was 93 ton. Dit is 'n daling van 18% teenoor Januarie 2020. Die vry-aan-boord-prys was R49,61/kg, wat 43% hoër is as in Januarie 2020.

Altesaam 4 771 lewende skape is in Januarie 2021 ingevoer, 'n daling van 26% teenoor Januarie 2020. Die prys was R1 100 stuk. Dit is 27% hoër as in Januarie 2020. **LBW**